(a) review and address any complaint by a taxpayer regarding a service matter or a procedural or administrative matter arising from the application of the provisions of a tax Act by SARS; and

(b) review, at the request of the Minister or at the initiative of the Tax Ombud with the approval of the Minister, any systemic and emerging issue related to a service matter or the application of the provisions of this Act or procedural or administrative provisions of a tax Act.”. 15

Amendment of section 20 of Act 28 of 2011

52. Section 20 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: 20

“(2) The Tax Ombud’s recommendations are not binding on **[taxpayers]** a taxpayer or SARS, but if not accepted by a taxpayer or SARS, reasons for such decision must be provided to the Tax Ombud within 30 days of notification of the recommendations and may be included by the Tax Ombud in a report to the Minister or the Commissioner under section 19.”. 25

Amendment of section 69 of Act 28 of 2011

53. Section 69 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (8) for paragraph (b) of the following paragraph:

“(b) a list of—

(i) pension funds, pension preservation funds, provident funds, provident preservation funds and retirement annuity funds as defined in section 1(1) of the Income Tax Act; and 30

(ii) **[approved]** public benefit organisations approved for the purposes of **[the provisions of]** sections 18A and 30 of the Income Tax Act;”.

Amendment of section 97 of Act 28 of 2011

54. Section 97 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) The record of an assessment, including the return or records on which it was based, whether in electronic format or otherwise, may be destroyed by SARS after **[five]** seven years from the date of assessment or the expiration of a further period that may be required— 40

(a) by the Auditor-General;

(b) as a result of the application of section 99(2)(c); or

(c) for purposes of a verification, audit or criminal investigation under Chapter 5 or a dispute under Chapter 9.” 45

[aangestel word en in oorleg met die Kommissaris aan die kantoor van die Belastingombud gesekondeer word] in diens geneem word.”; en

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Die uitgawes wat met die werksaamhede van die amp van die Belastingombud verband hou, word ooreenkomstig ’n begroting deur die Minister vir die kantoor goedgekeur, [uit die fondse van SAID] betaal.”.

Wysiging van artikel 16 van Wet 28 van 2011

51. Artikel 16 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die mandaat van die Belastingombud is om—

(a) enige klagte deur ’n belastingpligtige aangaande ’n diensaangeleentheid of ’n prosedure- of administratiewe aangeleentheid wat voortspruit uit die toepassing van die bepalings van ’n Belastingwet deur SAID, te oorweeg en te beredder; en

(b) enige sistemiese en voortspruitende aangeleentheid wat op ’n diensaangeleentheid of die toepassing van die bepalings van hierdie Wet of ’n prosedure- of administratiewe bepaling van ’n Belastingwet betrekking het, op die versoek van die Minister of op inisiatief van die Belastingombud met die goedkeuring van die Minister, te oorweeg.”.

Wysiging van artikel 20 van Wet 28 van 2011

52. Artikel 20 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die Belastingombud se aanbevelings is nie op [belastingpligtiges] ’n belastingpligtige of SAID bindend nie, maar indien nie deur ’n belastingpligtige of deur SAID aanvaar nie, moet redes vir sodanige besluit binne 30 dae na kennisgewing van die aanbevelings aan die Belastingombud verskaf word en mag hulle deur die Belastingombud in ’n verslag aan die Minister of die Kommissaris kragtens artikel 19 ingesluit word.”.

Wysiging van artikel 69 van Wet 28 van 2011

53. Artikel 69 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (8) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) ’n lys van—

(i) goedgekeurde pensioenfondse, pensioenbewaringsfondse, voorsorgfondse, voorsorgbewaringsfondse en uittredingannuïteitsfondse soos omskryf in artikel 1(1) van die Inkomstebelastingwet; en

(ii) [goedgekeurde] openbare weldaadsorganisasies goedgekeur vir die doeleindes van [die bepalings van] artikels 18A en 30 van die Inkomstebelastingwet;”.

Wysiging van artikel 97 van Wet 28 van 2011

54. Artikel 97 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Die rekord van ’n aanslag, insluitend die opgawe of rekords waarop dit gebaseer is, hetsy in elektroniese formaat of andersins, kan deur SAID vernietig word na [vyf] sewe jaar vanaf die datum van aanslag of die verstryking van ’n verdere tydperk soos vereis—

(a) deur die Ouditeur-generaal [vereis word, vernietig word];

(b) as gevolg van die toepassing van artikel 99(2)(c); of

(c) vir doeleindes van ’n verifiëring, audit of ondersoek kragtens Hoofstuk 5 of ’n geskil kragtens Hoofstuk 9.”.

Amendment of section 99 of Act 28 of 2011, as amended by section 59 of Act 21 of 2012, section 47 of Act 39 of 2013 and section 51 of Act 23 of 2015

55. Section 99 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the addition in subsection (2)(d) of the word “or” at the end of subparagraph (i) and the deletion of subparagraph (ii).

5

Amendment of section 100 of Act 28 of 2011

56. Section 100 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) subsection (1)(d), (e) and (f), if the relevant period under section 99(1)(a), (b) or (c) has expired, SARS may only make an additional assessment under the circumstances referred to in section 99(2)(a) and (b); and”.

10

Amendment of section 104 of Act 28 of 2011

57. Section 104 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (5) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) for a period exceeding [21] 30 business days, unless a senior SARS official is satisfied that exceptional circumstances exist which gave rise to the delay in lodging the objection;”.

15

Amendment of section 118 of Act 28 of 2011, as amended by section 51 of Act 39 of 2013

58. Section 118 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

20

“(2) If the appeal involves—

(a) a complex matter that requires specific expertise and the president of the tax court so directs after considering any representations by a senior SARS official or the ‘appellant’, the representative of the commercial community referred to in subsection (1)(c) may be a person with the necessary experience in that field of expertise;

25

(b) the valuation of assets and the president of the tax court, a senior SARS official or the ‘appellant’ so requests, the representative of the commercial community referred to in subsection (1)(c) must be a sworn appraiser.”.

30

Amendment of section 151 of Act 28 of 2011

59. (1) Section 151 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) a person who is or may be chargeable to tax or with a tax offence;”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 October 2012.

35

Substitution of section 194 of Act 28 of 2011, as amended by section 54 of Act 44 of 2014

60. (1) The following section is hereby substituted for section 194 of the Tax Administration Act, 2011:

“Application of Chapter

40

194. Parts C and D of this Chapter apply only in respect of a tax debt owed by a ‘debtor’ if the liability to pay the tax debt is not disputed under Chapter 9 by the ‘debtor’.”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 October 2012.

Wysiging van artikel 99 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 59 van Wet 21 van 2012, artikel 47 van Wet 39 van 2013 en artikel 51 van Wet 23 van 2015

55. Artikel 99 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (2)(d) die woord “of” aan die einde van subparagraaf (i) by te voeg en deur subparagraaf (ii) te skrap. 5

Wysiging van artikel 100 van Wet 28 van 2011

56. Artikel 100 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(a) subartikel (1)(d), (e) en (f), mag SAID slegs ’n addisionele aanslag maak onder die omstandighede in artikel 99(2)(a) en (b) bedoel indien die onderhawige tydperk kragtens artikel 99(1)(a), (b) of (c) verstryk het; en”. 10

Wysiging van artikel 104 van Wet 28 van 2011

57. Artikel 104 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (5) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(a) vir ’n tydperk wat [21] 30 besigheidsdae oorskry, tensy ’n senior SAID-amptenaar oortuig is dat buitengewone omstandighede bestaan wat aanleiding gegee het tot die vertraging met die indiening van die beswaar;”. 15

Wysiging van artikel 118 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 51 van Wet 39 van 2013

58. Artikel 118 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 20
“(2) Indien die appèl betrekking het op—
(a) ’n komplekse saak wat spesifieke kundigheid vereis en die president van die belastinghof na oorweging van enige verhoër deur ’n senior SAID-amptenaar of die ‘appellant’ aldus gelas, kan die verteenwoordiger van die handelsgemeenskap bedoel in subartikel 1(c) ’n persoon met die nodige ondervinding in daardie veld van kundigheid wees; 25
(b) die waardasie van bates en die president van die belastinghof, ’n senior SAID-amptenaar of die ‘appellant’ aldus versoek, moet die verteenwoordiger van die handelsgemeenskap bedoel in subartikel 1(c) ’n geswore waardeerder wees.”. 30

Wysiging van artikel 151 van Wet 28 van 2011

59. (1) Artikel 151 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(a) ’n persoon [aanspreeklik] wat vir belasting of vir ’n belastingoortreding aanspreeklik is of kan wees;”. 35
(2) Subartikel (1) word geag op 1 Oktober 2012 in werking te getree het.

Vervanging van artikel 194 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 54 van Wet 44 van 2014

60. (1) Artikel 194 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby deur die volgende artikel vervang: 40
“**Toepassing van Hoofstuk**
194. Dele C en D van hierdie Hoofstuk is slegs van toepassing op ’n belastingskuld verskuldig deur ’n ‘skuldenaar’ indien die aanspreeklikheid om die belastingskuld te betaal nie kragtens Hoofstuk 9 deur die ‘skuldenaar’ betwis word nie.”. 45
(2) Subartikel (1) word geag op 1 Oktober 2012 in werking te getree het.

Amendment of section 221 of Act 28 of 2011, as amended by section 74 of Act 39 of 2013

61. Section 221 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

(a) by the insertion of the following definition before the definition of “repeat case”:

“**‘impermissible avoidance arrangement’** means an arrangement in respect of which Part IIA of Chapter III of the Income Tax Act is applied and includes, for purposes of this Chapter, any transaction, operation, scheme or agreement in respect of which section 73 of the Value-Added Tax Act or any other general anti-avoidance provision under a tax Act is applied.”;

(b) by the substitution for the definition of “repeat case” of the following definition:

“**‘repeat case’** means a second or further case of any of the behaviours listed under items (i) to [(v)] (vi) of the understatement penalty percentage table reflected in section 223 within five years of the previous case.”; and

(c) by the substitution for the definition of “understatement” of the following definition:

“**‘understatement’** means any prejudice to SARS or the *fiscus* as a result of—

(a) a default in rendering a return;

(b) an omission from a return;

(c) an incorrect statement in a return; [or]

(d) if no return is required, the failure to pay the correct amount of ‘tax’;

or

(e) an ‘impermissible avoidance arrangement’.”.

Amendment of section 223 of Act 28 of 2011, as amended by section 73 of Act 21 of 2012 and section 76 of Act 39 of 2013

62. Section 223 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The understatement penalty percentage table is as follows:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|-------------|--|----------------------|--|---|--|
| <i>Item</i> | <i>Behaviour</i> | <i>Standard case</i> | <i>If obstructive, or if it is a ‘repeat case’</i> | <i>Voluntary disclosure after notification of audit or criminal investigation</i> | <i>Voluntary disclosure before notification of audit or criminal investigation</i> |
| (i) | ‘Substantial understatement’ | 10% | 20% | 5% | 0% |
| (ii) | Reasonable care not taken in completing return | 25% | 50% | 15% | 0% |
| (iii) | No reasonable grounds for ‘tax position’ taken | 50% | 75% | 25% | 0% |
| (iv) | ‘Impermissible avoidance arrangement’ | 75% | 100% | 35% | 0% |
| [(iv)] (v) | Gross negligence | 100% | 125% | 50% | 5% |
| [(v)] (vi) | Intentional tax evasion | 150% | 200% | 75% | 10%” |

Wysiging van artikel 221 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 74 van Wet 39 van 2013

61. Artikel 221 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—
- (a) deur die omskrywing van “herhalende geval” deur die volgende omskrywing te vervang: 5
 “**‘herhalende geval’** ’n tweede of verdere geval van enige van die optredes gelys onder items (i) tot [(v)] (vi) van die onderstellingsboete persentasietabel aangetoon in artikel 223 binne vyf jaar vanaf die vorige geval;”; en
- (b) deur die omskrywing van “onderstelling” deur die volgende omskrywing te vervang: 10
 “**‘onderstelling’** enige benadeling van SAID of die *fiscus* as gevolg van—
 (a) ’n versuim om ’n opgawe in te dien;
 (b) ’n weglating uit ’n opgawe; 15
 (c) ’n foutiewe verklaring in ’n opgawe; [of]
 (d) indien geen opgawe vereis word nie, die versuim om die korrekte bedrag ‘belasting’ te betaal; of
 (e) ’n ‘ontoelaatbare vermydingsreëling’; [en]”; en
- (c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “onderstelling” in te voeg: 20
 “**‘ontoelaatbare vermydingsreëling’** ’n reëling ten opsigte waarvan Deel IIA van Hoofstuk III van die Inkomstebelastingwet toegepas word en sluit in, by die toepassing van hierdie Hoofstuk, enige transaksie, handeling, skema of ooreenkoms ten opsigte waarvan artikel 73 van die 25
 Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde of enige ander algemene teenvermydingsbepaling kragtens ’n Belastingwet toegepas word;”.

Wysiging van artikel 223 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 73 van Wet 21 van 2012 en artikel 76 van Wet 39 van 2013

62. Artikel 223 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig 30
 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(1) Die onderstellingsboete persentasie tabel is as volg:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|-------------|--|-----------------------|---|--|--|
| <i>Item</i> | <i>Gedrag</i> | <i>Standaard saak</i> | <i>Indien obstrukties, of indien dit ’n ‘herhalende geval’ is</i> | <i>Vrywillige blootlegging na kennisgewing van oudit, of ondersoek</i> | <i>Vrywillige blootlegging voor kennisgewing van oudit, of ondersoek</i> |
| (i) | ‘Wesenlike onderstelling’ | 10% | 20% | 5% | 0% |
| (ii) | Redelike sorg nie aangewend in die voltooiing van die opgawe nie | 25% | 50% | 15% | 0% |
| (iii) | Geen redelike gronde vir ‘belastingposisie’ ingeneem | 50% | 75% | 25% | 0% |
| (iv) | ‘ <u>Ontoelaatbare vermydingsreëling</u> ’ | 75% | 100% | 35% | 0% |
| [(iv)] (v) | Growwe nalatigheid | 100% | 125% | 50% | 5% |
| [(v)] (vi) | Opsetlike belastingvermyding | 150% | 200% | 75% | 10%” |

Substitution of section 226 of Act 28 of 2011, as amended by section 65 of Act 23 of 2015

63. The following section is hereby substituted for section 226 of the Tax Administration Act, 2011:

“Qualification of person subject to audit or investigation for voluntary disclosure 5

226. (1) A person may apply, whether in a personal, representative, withholding or other capacity, for voluntary disclosure relief [**unless that person is aware of—**

- (a) **a pending audit or investigation into the affairs of the person seeking relief, which is related to the ‘default’ the person seeks to disclose; or** 10
- (b) **an audit or investigation that has commenced, but has not yet been concluded, which is related to the ‘default’ the person seeks to disclose].** 15

(2) [A] If the person seeking relief has been given notice of the commencement of an audit or criminal investigation into the affairs of the person, which has not been concluded and is related to the disclosed ‘default’, the disclosure of the ‘default’ is regarded as not being voluntary for purposes of section 227, unless a senior SARS official 20
[may direct that a person may apply for voluntary disclosure relief, despite the provisions of subsection (1), where the official] is of the view, having regard to the circumstances and ambit of the audit or investigation, that—

- [(a) the audit or investigation is related to the ‘default’ the person seeks to disclose;]** 25
- (b) the ‘default’ in respect of which the person **[wishes to apply for voluntary disclosure]** has sought relief would not otherwise have been detected during the audit or investigation; and
- (c) the application would be in the interest of good management of the 30
tax system and the best use of SARS’ resources.

(3) A person is deemed to **[be aware of a pending]** have been notified of an audit or criminal investigation[, or that the audit or investigation has commenced], if—

- (a) a representative of the person; 35
- (b) an officer, shareholder or member of the person, if the person is a company;
- (c) a partner in partnership with the person;
- (d) a trustee or beneficiary of the person, if the person is a trust; or
- (e) a person acting for or on behalf of or as an agent or fiduciary of the 40
person,

has **[become aware of a pending]** been given notice of the audit or investigation[, **or that the audit or investigation has commenced]**.”.

Amendment of section 270 of Act 28 of 2011, as amended by section 86 of Act 39 of 2013 and section 65 of Act 44 of 2014 45

64. Section 270 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (6D) for paragraph (b) of the following paragraph:

- “(b) the Value-Added Tax Act or the Fourth Schedule to the Income Tax Act, a senior SARS official must reduce the penalty in whole if the penalty was imposed under circumstances other than the circumstances referred to in item 50
[(v)] (vi) of the understatement penalty table in section 223(1).”.

Vervanging van artikel 226 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 65 van Wet 23 van 2015

63. Artikel 226 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Kwalifisering van persoon onderhewig aan oudit of ondersoek vir vrywillige blootlegging 5

226. (1) ’n Persoon kan in ’n persoonlike, verteenwoordigende, terughoudings- of ander hoedanigheid om vrywillige blootleggingsverligting aansoek doen[, tensy daardie persoon bewus is van—

(a) ’n hangende oudit of ondersoek na die sake van die persoon wat verligting verlang, wat verband hou met die ‘nienakoming’ wat die persoon verlang om bloot te lê; of

(b) ’n oudit of ondersoek wat begin het, maar nog nie afgehandel is nie, wat verband hou met die ‘nienakoming’ wat die persoon verlang om bloot te lê]. 10 15

(2) [Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan] Indien die persoon verligting verlang in kennis gestel is van die aanvang van ’n oudit of kriminele ondersoek na die sake van die persoon, wat nog nie afgehandel is nie en wat met die blootgelegde ‘nienakoming’ verband hou, word die blootlegging van die ‘nienakoming’ by die toepassing van artikel 227 beskou as nie vrywillig te wees nie, tensy ’n senior SAID-amptenaar [bepaal dat ’n persoon kan aansoek doen vir vrywillige blootleggingsverligting, indien die amptenaar], met inagneming van die omstandighede en omvang van die oudit of ondersoek, van mening is dat—

[(a) die oudit of ondersoek verband hou met die ‘nienakoming’ wat die persoon verlang om bloot te lê;] 25

(b) die ‘nienakoming’ ten opsigte waarvan die persoon om vrywillige blootleggingsverligting [wil] aansoek [doen] gedoen het, nie andersins gedurende die oudit of ondersoek ontdek sou word nie; en

(c) die aansoek in die belang van die goeie bestuur van die belastingstelsel en die beste aanwending van SAID se hulpbronne sal wees. 30

(3) ’n Persoon word geag [bewus] in kennis gestel te wees van ’n [hangende] oudit of kriminele ondersoek, [of dat die oudit of ondersoek begin het,] indien—

(a) ’n verteenwoordiger van die persoon; 35

(b) ’n beampte, aandeelhouer of lid van die persoon, indien die persoon ’n maatskappy is;

(c) ’n vennoot in vennootskap met die persoon;

(d) ’n trustee of begunstigde van die persoon, indien die persoon ’n trust is; of 40

(e) ’n persoon wat vir of namens of as agent of *fiduciarius* van die persoon optree,

van die [hangende] oudit of ondersoek [bewus geword het, of dat die oudit of ondersoek begin het] in kennis gestel is.”.

Wysiging van artikel 270 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 86 van Wet 39 van 2013 en artikel 65 van Wet 44 van 2014 45

64. Artikel 270 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (6D) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde of die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, moet ’n senior SAID amptenaar die boete in geheel of gedeeltelik verminder indien die boete kragtens omstandighede anders as die bedoel in item [(v)] (vi) van die onderstellingsboetetafel in artikel 223(1), opgelê is.”. 50

Substitution of paragraph 189 of Schedule 1 to Act 28 of 2011

65. The following paragraph is hereby substituted for paragraph 189 of Schedule 1 to the Tax Administration Act, 2011:

“Repeal of sections 10, 11, 12[,] and 13 [and 16]

189. Sections 10, 11, 12[,] and 13 [and 16] of the Mineral and Petroleum Resources Royalty (Administration) Act, 2008, are hereby repealed.” 5

Amendment of section 95 of Act 30 of 2014

66. Section 95 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by—

- (a) the deletion in subsection (1)(a) of subparagraph (ii); and 10
(b) the deletion in subsection (2) of paragraph (b).

Amendment of section 171 of Act 30 of 2014

67. Section 171 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended—

- (a) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) (a) A process in the production of goods is substantial for purposes of subsection (1) if at least the applicable percentage referred to in paragraph (b) of the production costs of those goods is represented by materials produced and labour utilised in a specific country. 15

(b) The applicable percentage of production cost for purposes of paragraph (a) is—

- (i) the percentage as may be determined in the Customs Tariff in respect of the goods; or 20

- (ii) 25 per cent, if no percentage is determined in terms of subparagraph (i).”; and

- (b) by the addition after subsection (2) of the following subsection:

“(3) The Commissioner may by rule prescribe the manner in which the production cost of goods must be determined for purposes of subsection (1A)(a).” 25

Repeal of section 172 of Act 30 of 2014

68. Section 172 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby repealed.

Amendment of section 175 of Act 30 of 2014

30

69. Section 175 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) If packaging in which goods are contained is regarded to have the same origin as the goods, the value of the packaging may for the purposes of section [172] 171 be taken into account in determining the production cost of the goods, but only if the goods are ordinarily sold by retail in such packaging.” 35

Amendment of section 1 of Act 31 of 2014, as amended by section 83 of Act 23 of 2015

70. Section 1(1) of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for the definition of “international transit” or “international transit procedure” of the following definition: 40

“‘international transit’ or ‘international transit procedure’ means the customs procedure described in section 194(2) read with section 194(2A);”.

Vervanging van paragraaf 189 van Bylae 1 by Wet 28 van 2011

65. Paragraaf 189 van Bylae 1 by die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby deur die volgende paragraaf vervang:

“Herroeping van artikels 10, 11, 12[,] en 13 [en 16]

189. Artikels 10, 11, 12[,] en 13 [en 16] van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby herroep.”. 5

Wysiging van artikel 95 van Wet 30 van 2014

66. Artikel 95 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur— 10
(a) in subartikel (1)(a) subparagraaf (ii) te skrap; en
(b) in subartikel (2) paragraaf (b) te skrap.

Wysiging van artikel 171 van Wet 30 van 2014

67. Artikel 171 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur—
(a) na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg: 15
“(1A) (a) ’n Proses in die produksie van goedere is wesenlik vir doeleindes van subartikel (1) indien minstens die toepaslike persentasie bedoel in paragraaf (b) van die produksiekoste van daardie goedere verteenwoordig word deur materiale geproduseer en arbeid aangewend in ’n spesifieke land.
(b) Die toepaslike persentasie van produksiekoste by die toepassing van paragraaf (a) is— 20
(i) die persentasie wat in die Doeanetarief ten opsigte van daardie goedere bepaal mag word; of
(ii) 25 persent, indien geen persentasie ingevolge subparagraaf (i) bepaal word nie.”; en 25
(b) na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:
“(3) Die Kommissaris mag by reël die wyse voorskryf waarop die produksiekoste van goedere by die toepassing van subartikel (1A)(a) bepaal moet word.”.

Herroeping van artikel 172 van Wet 30 van 2014 30

68. Artikel 172 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby herroep.

Wysiging van artikel 175 van Wet 30 van 2014

69. Artikel 175 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 35
“(3) Indien verpakkingsmateriaal waarin goedere verpak is, geag word dieselfde oorsprong as die goedere te hê, kan die waarde van die verpakkingsmateriaal vir doeleindes van artikel [172] 171 in ag geneem word by die bepaling van die produksiekoste van die goedere, maar slegs indien die goedere gewoonlik in die kleinhandel in sodanige verpakkingsmateriaal verkoop word.”.

Wysiging van artikel 1 van Wet 31 van 2014, soos gewysig deur artikel 83 van Wet 23 van 2015 40

70. Artikel 1(1) van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur die omskrywing van “internasionale transito” of “prosedure vir internasionale transito” deur die volgende omskrywing te vervang: 45
“**‘internasionale transito’** of **‘prosedure vir internasionale transito’** die doeaneprosedure in artikel 194(2), gelees met artikel 194(2A), beskryf;”.

Substitution of section 63 of Act 31 of 2014

71. The following section is hereby substituted for section 63 of the Customs Control Act, 2014:

“Departure reports

63. (1) The carrier operating a cross-border train in the Republic to a destination outside the Republic must report to the customs authority the departure of the train from [each] the last railway station in the Republic before the train leaves the Republic [where— 5

(a) travellers or crew or cargo bound for a destination outside the Republic are taken on board that train; or 10

(b) a cross-border railway carriage transporting such travellers or crew or cargo is attached to that train].

(2) A train departure report must be submitted within a timeframe as may be prescribed by rule after the departure of the train from [a] the railway station referred to in subsection (1).” 15

Amendment of section 91 of Act 31 of 2014

72. Section 91 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the deletion in subsection (2) of paragraph (a).

Amendment of section 94 of Act 31 of 2014

73. Section 94 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the deletion 20 in subsection (2) of paragraph (b).

Amendment of section 194 of Act 31 of 2014

74. Section 194 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) The international transit procedure is despite subsection (2) also available for electricity generated in another country which is transmitted through the Republic’s electricity grid to a third country, irrespective of whether the electricity imported or a quantity of electricity equivalent to the quantity imported is exported to that third country.” 25

Amendment of section 204 of Act 31 of 2014 30

75. Section 204 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(3) (a) This Part does not apply to the transmission of electricity under the international transit procedure as provided for in section 194(2A).

(b) The Commissioner may by rule prescribe other requirements and conditions for an international transit operation involving the transmission of electricity.” 35

Amendment of section 308 of Act 31 of 2014

76. Section 308 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The licensee of a storage warehouse must submit to the customs authority regular reports for such kinds or classes of goods and for such periods as may be prescribed by rule or as the customs authority may require in a specific case.” 40

Amendment of section 576 of Act 31 of 2014

77. Section 576 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: 45

“(2) A record in terms of subsection (1)(a) must be kept in such a manner and format and must contain such information as may be [prescribe] prescribed by rule.”

Vervanging van artikel 63 van Wet 31 van 2014

71. Artikel 63 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Vertreksverslae

63. (1) Die vervoerder in operasionele beheer van ’n oor-grens trein in die Republiek op pad na ’n bestemming buite die Republiek[,], moet aan die doeanegesag die vertrek van die trein vanaf [elke] die laaste spoorwegstasie in die Republiek voor die trein die Republiek verlaat, rapporteer [waar—
(a) reisigers of bemanning of vrag bestem vir ’n bestemming buite die Republiek aan boord van daardie trein geneem is; of
(b) ’n oor-grens spoorwegwa wat sodanige reisigers of bemanning of vrag vervoer aan daardie trein gekoppel is].
(2) ’n Treinverteksverslag moet binne ’n tydsraam, soos by reël voorgeskryf mag word, nadat die trein vanaf [’n] die spoorwegstasie bedoel in subartikel (1) vertrek het, verstrekk word.”.

Wysiging van artikel 91 van Wet 31 van 2014

71. Artikel 91 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf (a) te skrap.

Wysiging van artikel 94 van Wet 31 van 2014

72. Artikel 94 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf (b) te skrap.

Wysiging van artikel 194 van Wet 31 van 2014

73. Artikel 194 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

“(2A) Die prosedure vir internasionale transito is ondanks subartikel (2) ook beskikbaar vir elektrisiteit opgewek in ’n ander land wat deur die Republiek se elektrisiteitsnetwerk na ’n derde land versend word, hetsy die elektrisiteit ingevoer of ’n hoeveelheid elektrisiteit gelykstaande aan die hoeveelheid ingevoer na daardie derde land uitgevoer word.”.

Wysiging van artikel 204 van Wet 31 van 2014

74. Artikel 204 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

“(3) (a) Hierdie Deel is nie op die versending van elektrisiteit ingevolge die prosedure vir internasionale transito soos in artikel 194(2A) bepaal van toepassing nie.
(b) Die Kommissaris kan by reël ander vereistes en voorwaardes voorskryf vir ’n internasionale transito-operasie wat die versending van elektrisiteit behels.”.

Wysiging van artikel 308 van Wet 31 van 2014

75. Artikel 308 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die lisensiehouer van ’n bergingspakhuis moet gereelde verslae vir die soorte of klasse goedere en vir die tydperke soos by reël voorgeskryf of deur die doeanegesag in ’n spesifieke geval vereis mag word, aan die doeanegesag verstrekk.”.

Wysiging van artikel 576 van Wet 31 van 2014

77. Artikel 576 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (2) in die Engelse teks deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) A record in terms of subsection (1)(a) must be kept in such manner and format and must contain such information as may be [prescribe] prescribed by rule.”.

Amendment of section 600 of Act 31 of 2014, as amended by section 122 of Act 23 of 2015

78. Section 600 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended—

- (a) by the deletion of the word “and” at the end of paragraph (b);
- (b) by the substitution for the full stop at the end of paragraph (c) of a semicolon; 5
- and
- (c) by the addition of the following paragraphs:
 - “(d) the manner in and the conditions on which detained suspected counterfeit goods may be kept in a state warehouse pending a decision on the removal of the goods in terms of section 815 or any other provision applicable to counterfeit goods; and 10
 - (e) the provisions of this Chapter that are inappropriate for suspected counterfeit goods kept in a state warehouse and from the application of which such goods are excluded.”.

Amendment of section 626 of Act 31 of 2014, as amended by section 123 of Act 23 of 2015 15

79. Section 626 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

- “(d) exempting importers or exporters or other categories of persons referred to in paragraph (c) from any provision of this Chapter;”.
 20

Amendment of section 687 of Act 31 of 2014

80. Section 687 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (d) of the following paragraph:

- “(d) goods released for the temporary admission or temporary export procedure on authority of a [CDP] CPD or ATA carnet, from the guaranteeing 25 association guaranteeing that carnet;”.

Amendment of section 929 of Act 31 of 2014

81. (1) Section 929 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the addition of the following subsection:

- “(7) This section does not affect the application as from the effective date of section 701(2) of this Act and sections 45(2) and 76(3) of the Customs Duty Act, including the extended application of those sections in terms of section 105(2) of the Excise Duty Act, and as from the effective date interest on any outstanding amount to which those sections apply, including an amount outstanding on the effective date carried over from the previous day, must be calculated in accordance 30 with those sections.”.
 35

(2) Subsection (1) takes effect immediately after the Customs Control Act, 2014 (Act No. 31 of 2014), has taken effect in terms of section 944 of that Act.

Amendment of section 19 of Act 44 of 2014

82. (1) Section 19 of the Tax Administration Laws Amendment Act, 2014, is hereby 40 amended—

- (a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
 - “(2) Paragraphs (a), (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h), [(i), (j)], (l), (m), [(n),] (o) and (p) of subsection (1) come into operation on the date on which the Customs Control Act, 2014 (Act No. 31 of 2014), takes 45 effect.”; and
- (b) by the addition of the following subsection:
 - “(3) Paragraphs (i), (j) and (n) of subsection (1) come into operation on the date on which the Special Economic Zones Act, 2014 (Act No. 16 of 2014), comes into operation.”.
 50

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 20 January 2015.

Wysiging van artikel 600 van Wet 31 van 2014, soos gewysig deur artikel 122 van Wet 23 van 2015

78. Artikel 600 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig—
- (a) deur die woord “en” aan die einde van paragraaf (b) te skrap;
 - (b) deur die punt aan die einde van paragraaf (c) deur ’n kommapunt te vervang; 5
en
 - (c) deur die volgende paragrawe by te voeg:
 - “(d) die wyse en voorwaardes voorskryf waarop vermeende nagmaakte goedere onder detensie in ’n staatspakhuis gehou mag word hangende ’n besluit oor die verwydering van die goedere ingevolge artikel 815 of enige ander bepaling op nagmaakte goedere van toepassing; en 10
 - (e) die bepalings van hierdie Hoofstuk voorskryf wat nie geskik is vir vermeende nagmaakte goedere in ’n staatspakhuis gehou nie en van die toepassing waarvan sodanige goedere uitgesluit word.”. 15

Wysiging van artikel 626 van Wet 31 van 2014, soos gewysig deur artikel 123 van Wet 23 van 2015

79. Artikel 626 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(d) wat invoerders of uitvoerders of ander kategorieë van persone in paragraaf (c) bedoel van enige bepaling van hierdie Hoofstuk onthef;” 20

Wysiging van artikel 687 van Wet 31 van 2014

80. Artikel 687 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(d) goedere wat vir die prosedure vir tydelike toelating of tydelike uitvoer op gesag van ’n [CDP] CPD of ATA carnet vrygestel is, van die vrywaringsvereniging wat daardie carnet waarborg;” 25

Wysiging van artikel 929 van Wet 31 van 2014

81. (1) Artikel 929 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg: 30
- “(7) Hierdie artikel raak, vanaf die effektiewe datum, nie die toepassing van artikel 701(2) van hierdie Wet en artikels 45(2) en 76(3) van die Wet op Doeanereg, met inbegrip van die uitgebreide toepassing van daardie artikels ingevolge artikel 105(2) van die Wet op Aksynsreg, nie, en vanaf die effektiewe datum moet rente op enige uitstaande bedrag waarop daardie artikels van toepassing is, asook ’n bedrag uitstaande op die effektiewe datum wat van die vorige dag oorgedra word, ooreenkomstig daardie artikels bereken word.” 35
- (2) Subartikel (1) tree in werking onmiddellik na die Wet op Doeanebeheer, 2014 (Wet No. 31 van 2014), ingevolge artikel 944 van daardie Wet in werking getree het.

Wysiging van artikel 19 van Wet 44 van 2014 40

82. (1) Artikel 19 van die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2014, word hierby gewysig—
- (a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 - “(2) Paragrawe (a), (b), (c), (d), (e), (f), (g), (i), (j), [(k), (l)], (m), [(n)], (o) en (p) van subartikel (1) tree in werking op die datum waarop die Wet op Doeanebeheer, 2014 (Wet No. 31 van 2014), in werking tree.”; en 45
 - (b) deur die volgende subartikel by te voeg:
 - “(3) Paragrawe (k), (l) en (n) van subartikel (1) tree in werking op die datum waarop die ‘Special Economic Zones Act, 2014’ (Wet No. 16 van 2014), in werking tree.”. 50
- (2) Subartikel (1) word geag op 20 Januarie 2015 in werking te getree het.

Short title and commencement

83. (1) This Act is called the Tax Administration Laws Amendment Act, 2016.

(2) Subject to subsections (3) and (4), and save in so far as is otherwise provided for in this Act, or the context otherwise indicates, the amendments effected by this Act come into operation on the date of promulgation of this Act. 5

(3) The amendments to the Customs Duty Act, 2014, take effect immediately after the Customs Duty Act, 2014, has taken effect in terms of section 229 of that Act.

(4) The amendments to the Customs Control Act, 2014, take effect immediately after the Customs Control Act, 2014, has taken effect in terms of section 944(1) of that Act.

Kort titel en inwerkingtreeding

83. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2016.

(2) Behoudens subartikels (3) en (4), en tensy hierdie Wet anders bepaal, of die samehang anders aandui, tree die wysigings wat deur hierdie Wet aangebring word op die datum van promulgering van hierdie Wet in werking. 5

(3) Die wysigings aan die Wet op Doeanereg, 2014, tree in werking onmiddellik na die Wet op Doeanereg, 2014, ingevolge artikel 229 van daardie Wet in werking getree het.

(4) Die wysigings aan die Wet op Doeanebeheer, 2014, tree in werking onmiddellik na die Wet op Doeanebeheer, 2014, ingevolge artikel 944(1) van daardie Wet in werking getree het. 10

